

Kruip hulle rêrig in ore? Oorkruipers (Ohrwurm earwig)

In antieke tye al het die storie ontstaan, dat oorkruipers in jou oor inkruip, deur na die brein beweeg en daar sy eiertjies lê. Die larwes voed dan op die brein. Watter grusame voorstelling! So is dan die diertjies gevang, gedroog en verpoeier om oorpyn en doofheid mee te behandel. Gelukkig weet ons vandag van beter: hierdie insek is **nie gevaarlik nie**. Dit kan nie eers behoorlik byt nie, dit lewe van verrottende plantmateriaal en vang so af en toe 'n klein insekkie; dit hou besonders van moteiers, miere, hul eiers en larwes, is dus nuttig om die huis rond.




Maar soos dit daar te siene is, lyk dit nogal gevaarlik! Die klein kalant van skaars 3 cm lengte sien kans om 'n besem af te weer! Met sy klein breintjie oorskat hy homself heeltemal. As die diertjie in gedrang kom, neem dit hierdie agressiewe en dreigende houding in.

'n Mens sien hulle nie so dikwels nie, hulle bly bedags in donker en vogtige plekke, soos onder 'n klip of houtstomp, onder boombas of in 'n kraak in die vloer of muur, gewoonlik buite die huis. As hulle onder 'n klip of boomstomp woon, kan ons daar 'n klein ronde gatjie sien, dis sy grot. Tot 50 eiertjies word op die sand gelê en een-een in die grot ingedra. As almal gebêre is, krul die oorkruiper bo-op die eiers op en bewaak dit. So nou en dan word die eiers gedraai en

schoongemaak. As die nimfies uitkruip, word hulle dikwels ook nog bewaak tot hulle groot genoeg is om op hul eie aan te gaan.

Eiers voor die grot van Ma-oorkruiper



Nimfie amper klaar ontwikkel



Ons sien dus, in gerugte steek daar soms **baie min** waarheid. Ek dink sandoorkruipers (*Lapidura riparia*) soos hierdie ene is eerder nuttig as gevaarlik.